~~Ps. Hebr. 4.~~ Ges. 112: 1-4 Drie Onmistaanbare Tekens. 58 | Potch 14 Des. 1958
| Auk. 17 Des. 1961

Ges. 106: 3, 4. Luk. 2: 1-16.
Ges. 111: 4-6.

Luk. 2: 12 – En dit is vir julle die teken: julle sal 'n Kindjie vind wat in doeke toegedraai is en wat in die krip lê.

In die stilte van die nag het herders so pas die grootste van alle nuus vernuur wat ooit op aarde aan mense meegedeel is: „Dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here, is". Een ding weet hulle nou: die Messias is in Bethlehem gebore — maar waar? En by wie aan huis? Die Kersengel weet van hulle verleentheid en help hulle daar 'n duidelike en onmiskenbare Teken: „julle sal 'n Kindjie vind wat in doeke toegedraai is en wat in die krip lê".

Oor hd. teken wil ons vanm. praat. Eintlik is hier sprake van meer as een Teken – hoe dié mens die een net so onmistaanbaar soos die ander een. En sie ↓ deur hd. skynbr. onmistaanbare tekens bring God vanuit die hemel 'n boodskap vir dd. tyd – en vir elke tyd. Hier bewuste is ons oor die tekens na te tyd. druk oral die boodskap ook verstaan:

I. Die Teken: Kind as Koning. : Dis die eerste „Dat die teken 'n julle sal 'n Kindjie vind.." Dat die Messias as Kindjie gebore moes word – dit was vir die herders nie snaaks nie: hulle het geweet Hy sou tog eers kind moes wees voor Hy Koning kan word. En tog – die oomblik dat die engel hd. aankondiging doen is dit asof daar 'n skok deur hulle gaan:

die Koning van alle Konings, die Heer van alle here, die Saligmaker wat Christus, die Here is – Hy kom as Kind onder hulle staan! In d.d. oomblik het hulle besef – hoe onbegryplik dit ook al was, hoe ongeloofklik dit ookal geklink het: God het vlees geword – God self het in sy heerlikheid op aarde verskyn!

Hoe anders was dit as w/aan hulle gewoond was! Dink maar net aan die Ou Testament – aan Gods verskyning aan Moses, aan die volk: (Elia op Karmel!) die berg Sinai wat omhul is in rook & walke, bliksem en vuur en vlammende gloed wat Hom omring! En die glans van sy majesteit so geweldig dat alwal hulle aangesigte moes bedek! En nou, hier by die grote Godsverskyning in die Nuwe Testament kry ons presies die teenoorgestelde tekens: (van hd. aangesig.) word ons deur 'n engel in die aandstilte aangesê – en dit nie aan hoë ~~[illegible]~~ heersers nie, wr. aan nederige herders: 'n Kindjie in 'n krip!

→ Onbegryplik die weë van God met d. wêreld en die mens!

II Die Tweede Teken: Krip as Keuse: Dat ~~die~~ die Kindjie as Saligmaker gebore sou word – dit kon die herders verstaan: maar dat die Kindjie in doeke sou toegedraai wees (teken van uiterste armoede) en in 'n krip as wieg gevind sou word – dit was 'n onbegryplike, 'n onverstaanbare teken. Hoe net het die engel gepraat van die Saligmaker wat Xtus, die Here, is – en daarna voor die verbeelding van elke ware Jood voorgetower die glorieryke loopbaan van die Messias as Oorwinnaar, as Vors, as Koning wat in heerlikheid sou regeer. En nou? Nou wys hy hulle na 'n stal, na 'n krip, na 'n Kindjie wat in skamele armoede in doeke sou lê: nie 'n kroon nie. 'n krip, nie d. pragtige klentjies uit 'n paleis nie, wr. d. armoedige windsels – –

→ Dis asof d. engel kom sê: Pasop vir julle valse, aardse, polit. verwagtinge wat julle deur d. eeue heen opgebou het van die Xtus! Pasop vir julle idees van grootheid en glorie wat julle het van die Messias! Pasop vir die plek waar julle Hom gaan soek! Die hulde wat julle Hom wil bring!

→ My br. & suster, hoe maklik misgis ons ons met hd. Jesus – hd. Jesus wat destyds en elke tyd kom maar en w/mee ons Hom nooit verwag nie! Wie het ooit destyds kon droom dat d. Seun v God gesoek moes word in 'n stal, in 'n krip? Wie dink vandag daar aan dat Hy tot ons kom deur 'n blinde, 'n hongerige, 'n herder, of miskien deur die ai? 'n smekende, ~~'n~~ hulpelose Kind?

Is daar ~~'n~~ ~~kom~~ plek in u gedagtes vir hd. Kind? Is daar plek in u sitkamer vir hd. krip? Is dit die enigste plek? Of stoot u Hom ook uit in die stal? Omdat nie die Xtuskind nie. u eie kind of 'n ander se kind, of u rykdom, u plesier, u eie geskenke te veel plek inneem? Wat kies u?

Die Krip?

III Die Derde Teken: Kruis: Dis stil in die stal — 'n vader en moeder hou wag by hulle kind. 'n Lewendige lampie brand laag by die grond: en gooi lang skaduwees op die muur. Kyk hier: wat sien u daar? Is ek reg? Ja: teen d. muur die skaduwee v.d. Kruis. Nee, dis nie sigbaar m.d. mensl. oog nie — nee, wel m.d. geestes-oog. Want alles i.v.m. Xtus se geboorte dui daarop dat die pad van hd. Koningskind 'n pad van lyding & smart gaan wees. Alles by d. geboorte wys reeds heen na die derde teken wat a.d. horison opgerig sou word: d. Kruis! Die voorspelling v. Simeon, d. vervolging van Herodes — alles vertel van wat sou kom!

En of ons wil Xtus vanuit d. Krip ook reeds vir ons laat weet: „wie agter My aan wil kom en homself nie verloën nie, kan my dissipel nie wees nie" (Jy kan nie Kersfees vier as jy d. Kruis wil ontduik nie!) Wie die Kruis wil ontduik het die sin van Kersfees nog nooit deurgrond.

→ Br. & st., daar is nog 'n laaste teken — 'n vierde: u vind dit nie in Bethlehem of op Golgotha nie, trouens u vind dit op die oomblik nog nêrens nie. Nee. Vir die van u wat Kersfees wil vier soos kinders van 'n hemelse Koning is daar d. behoefte van 'n vierde teken: „die teken v.d. Seun v.d. mens wat in die hemel sal verskyn as Xtus eendag kom op d. wolke v.d. hemel in groot krag & heerlikheid" Watter kontras: almal sien, uitroep, treur, verheug — of verskrik!